**Huiswerkvel 33 (Hoofstuk 17)**

Luister na Karen Zoid se weergawe van die lied "Afrikaners is plesierig". Jy kan die video kyk op YouTube by https://www.youtube.com/watch?v=9pxeOeQ0. Die woorde kan jy aflaai by https://1001sasongs.wordpress.com/2011/06/24/afrikaners-is-plesierig-%E2%80%93-karen-zoid/

Beantwoord dan die vrae wat hieronder volg.

1. Wat is lirieke? (1)

2. Mense wat Afrikaans praat, word gewoonlik "Afrikaners" genoem.
Wat noem ons mense wat woon in...?
2.1 Gauteng
2.2 Kaap
2.3 Afrika (3)

3. Gee 'n beter Afrikaanse woord vir: *crèche* (1)

4. Verduidelik in jou eie woorde ...
4.1 betogers
4.2 *hip-hop* (2)

5. Dink jy Karen Zoid is gepla oor wat die mense (van haar) dink? Motiveer jou antwoord met 'n aanhaling. (2)

6. Wat beteken die volgende reël: *Ja, jy fix my krieket en miskien my rugby.* (2)

7. Kyk na die reël: *Jy's cool, jy voel 'n veer vir global warming*
7.1 Wat beteken dit om 'n "veer" vir iets te voel? (1)
7.2 Gee die Afrikaanse woord vir "*global warming*"? (1)
7.3 Watter **teenstelling** kom ook in die reël voor? (2)

8. Kies die korrekte antwoord tussen hakies:
Die sangeres, Karen Zoid, voel (*optimisties/pessimisties*) oor wat Afrikaners doen. (1)

9. Gee 'n sinoniem vir "swot" (1)

10. Wie is Bobby Skinstad? (1)

11. Dink jy die sangers maak haar skuldig aan stereotipering? Motiveer jou antwoord? (2)

**Totaal: 20 punte**